OḆADJA

1 Die visioen van Oḇadja. So sê Meester יהוה aangaande Edom. Ons het ’n tyding van יהוה gehoor, en ’n boodskapper is uitgestuur tussen die nasies om te sê: “Staan op, en laat ons teen hom in oorlog opstaan!
2 “Kyk, Ek het jou klein gemaak tussen die nasies, jy word baie verag.
3 “Die trots van jou hart het jou bedrieg, jy wat in die rotsklowe woon, op hoë plekke bly, en in jou hart sê: ‘Wie sal my afbring aarde toe?’
4 “Al woon jy so hoog soos die arend en al was jou nes tussen die sterre gestel, sal Ek jou daarvandaan afbring,” sê יהוה.
5 “Indien diewe na jou gekom het, indien rowers in die nag, hoe is jy vernietig! sou hulle nie gesteel het tot hulle genoeg gehad nie? Indien druiwesnyers na jou gekom het, sou hulle nie oorblyfsels laat oorbly het nie?
6 “Hoe sal Esau deursoek word! Sy verborge skatte word deursnuffel!
7 “Al jou bondgenote sal jou tot by die grens gestuur, jou vriende, sal jou bedrieg en jou oorweldig. Hulle lê jou brood onder jou as ’n strik. Daar is geen begrip in hom nie!
8 “In daardie dag,” sê יהוה, “sal Ek nie die wyse mans uit Edom vernietig en die verstand uit die berge van Esau nie?”
9 “En jou helde sal verbouereerd wees, Tĕman, sodat elkeen van die berge van Esau deur slagting afgesny sal word.
10 “Weens die geweld teen jou broer Jaäkoḇ gepleeg, sal skande jou bedek. En jy sal afgesny word vir ewig.
11 “Op die dag toe jy oorkant gestaan het, die dag toe vreemdes sy rykdom weggedra en uitlanders deur sy poorte gegaan en die lot oor Jarushalajim geworp het, was jy ook soos een van hulle!
12 “En jy moes nie met genot na die dag van jou broer gekyk het nie, die dag van sy vervreemding, en jou nie verheug het oor die kinders van Jahuda op die dag van hulle vernietiging nie en nie gespog het op die dag van benoudheid nie!
13 “En jy moes nie in die poort van My volk gegaan het op die dag van hulle ondergang nie, jy moes ook nie na sy teëspoed op die dag van sy ondergang gekyk het nie en nie na sy rykdom uitgereik het op die dag van sy ondergang nie!
14 “En jy moes nie op die kruispad gestaan het om sy vlugtelinge af te sny nie en nie sy oorlewendes uitgelewer het op die dag van benoudheid nie.
15 “Want die dag van יהוה is naby oor al die heidene. Soos jy gedoen het, sal aan jou gedoen word, jou daad sal op jou kop neerkom.
16 “Want net soos julle op My afgesonderde berg gedrink het, sal al die heidene voortdurend drink. En hulle sal drink en sluk en wees asof hulle nooit was nie.
17 “Maar op die berg Tsijon sal daar verlossing wees,[a] en hulle sal afgesonderd wees. En die huis van Jaäkoḇ sal sy besittings in besit neem.
18 “En die huis van Jaäkoḇ sal ’n vuur wees en die huis van Josĕf ’n vlam, maar die huis van Esau strooi. En hulle sal hul aan die brand steek en hulle verteer, sodat daar geen oorlewende vir die huis van Esau sal wees nie,” want יהוה het gepraat.
19 En hulle sal die Suide met die berge van Esau, en die Laeveld met die Filistyne in besit neem. En hulle sal die velde van Efrajim en die velde van Shomaron, en Benjamin met Gíl’ad in besit neem.
20 En die ballinge van hierdie leërmag van

[a] Jes 4:2-3; Jo’ĕl 2:32; Opnb 14:1.

© Kopiereg 2004 Ware Verbond – Proeflees uitgawe

die kinders van Jisra'ël sal die wat Kanaäniete is, tot by Tsarefat *verower*, en die ballinge van Jarushalajim, wat in Sefárad is, sal die stede van die Suide in besit neem.

[21] En verlossers sal na die berg Tsijon kom om die berge van Esau te oordeel. En die koninkryk sal aan יהוה behoort.[b]

[b] Teh 2:8; 22:28; Dan 2:44; 7:13-14 & 27; Sag 14:9; Opnb 11:15; 12:10.

© Kopiereg 2004 Ware Verbond – Proeflees uitgawe